**MIDBRAK BELASTINGBETALERSVERENIGING**

**NOTULE VAN VERGADERING GEHOU OP 6 MAART 2012 OM 14:00**
**IN DIE REEBOK GEMEENSKAPSAAL**

**NOMMER 2/2012**

## 1. OPENING EN VERWELKOMING

Die vergadering word met 'n gebed geopen deur George Nezar, waarna al die lede welkom geheet word.

## 2. PRESENSIE

### 2.1 Teenwoordig

| | | |
|---|---|---|
| Buks Pieterse | Voorsitter | Bewarea |
| Charl de Wet | | Kleinbrak |
| Frik Nel | | Reebokhoogte |
| Leon Kruger | | Reebokrif |
| Jaco Hefer | | Reebokrif |
| Dawid Erasmus | | Tergniet |
| Anton Dellemijn | | Tergniet |
| George Nezar | Onder-voorsitter | Tergniethoogte |
| Mike Wray | | Tergniethoogte |
| Martin Smith | Notuleerder | Fraaiuitsig |
| Dorothy Barnard | Sekretaris en Tesourier | |

### 2.2 Op uitnodiging

| | |
|---|---|
| Raadsheer Kallie Smit | Raadslid – Wyk 4 |
| Raadslid Gibo Gerber | Raadslid – Wyk 5 (verskoon 15:00) |
| Peter Juthe | Munisipaliteit |
| Frans de Graaff | Munisipaliteit (verskoon 16:00) |

### 2.3 Afwesig met verskoning

| | |
|---|---|
| Charl Coetzer | Fraaiuitsig |
| Pieter le Roux | Kleinbrak |
| Kruger de Wet | Reebokhoogte |
| Terrie Terblanche | Riverside |
| Des Muller | Riverside |
| Deon Hoon | Reebok |

## 3. GOEDKEURING VAN NOTULE VAN VORIGE VERGADERING

Voorgestel en gesekondeer deur mnre Dawid Erasmus en Anton Dellemijn

| ITEM | BESPREKING / BESLUIT | VERANT-WOORDELIK |
|---|---|---|
| 4. | **AANVULLENDE AGENDA** | |
| 4.1 | **Vergadering met Burgemeester** | |
| | Die bespreking het hoofsaaklik gewentel rondom Erf 271, Powertown, beskadiging van duin by Klein-Brakrivier, noodplan, Kusweg (voorsiening maak vir rioolpyp en elektrisiteitskabel), opvolger vir Vanrenen en die opruim van tennisbaan in Reebok. Besprekings ten opsigte van Erf 271 was baie positief en die Raad is bereid om alles vanaf hulle kant te doen om 'n aanvaarbare oplossing te vind. | |
| | Bewarea sal in samewerking met die Munisipaliteit beswaar aanteken om sodoende beheer van die grond aan die Munisipaliteit te oorhandig. Buks het ook die geleentheid gehad om met 'n ontwikkelaar te gesels. Die eerste stap is om die erf terug te kry en daarna kan die nodige gedoen word om dit as 'n groenstrook te behou. Enige besware vanaf belastingbetalers ten opsigte van die beoogde ontwikkeling moet direk aan Eden Distriksmunisipaliteit gerig word. | |
| | Buks meld dat indien daarin geslaag word om wel te ontwikkel dat dit van 'n aanvaarbare aard moet wees. Die ideaal is egter dat die gebied nie ontwikkel word nie. | Gibo / Buks |
| 4.2 | **Lasbeheerprojek** | |
| | Dit behels die outomatiese afskakel van "geysers" sekere tye van die dag. Die installeer van die apparaat gaan slegs in sekere woonbuurte geskied en moet dit op hierdie stadium as 'n proefneming beskou word. Haal af. | |
| 4.3 | **Impalaweg** | |
| | Navrae oor hoe die projek vorder moet aan Pieter Myburgh gerig word. Peter Juthe sal met mnr Viljoen skakel insake die moontlike vervanging van stopstrate met toegeetekens asook die voorstel vir verhewe plaveisel by die stopstrate. | Peter Juthe |
| 4.4 | **Powertown** | |
| | Gebeure wat moontlik grens aan wanvoorstelling mag tot gevolg hê dat verkoop van Hartenbos Landgoed nie geldig is nie. Buks vra vir voorstelle oor waarheen die gemeenskap van Powertown geskuif kan word. | Lede<br>3 April 2012 |
| 4.5 | **Erf 315, Riverside** | |
| | Die onderverdeling gaan wel plaasvind en die besluit is dat die Vereniging nie beswaar gaan aanteken nie. Haal af. | |

| ITEM | BESPREKING / BESLUIT | VERANT-WOORDELIK |
|---|---|---|
| 4.6 | **Konstitusie** | |
| | Ons sal al die lede in kennis moet stel wat veranderings in konstitusie presies behels. Dorothy sal die lede met e-posadresse in kennis stel maar vir die res benodig ons die adresse van die eienaars. Peter Juthe sal poog om ons behulpsaam te wees. Aangeleentheid wat ook aangespreek sal moet word, is lede se volmagte. Sien ook punt 5.17. | Peter/Buks/ Dorothy |
| 4.7 | **Mangatdeksels** | |
| | Deksels op hoek van Robertson- en Kaaimanslaan het verdwyn. Frik het dit gerapporteer en gevra dat die area afgesper word. Dit blyk dat Telkom besig is om in die area te werk en dat dit nie die Munisipaliteit is wat die deksels verwyder het nie. Peter Juthe sal dit vir ons uitklaar. | Peter Juthe |
| 5. | **SAKE VOORTSPRUITEND UIT VORIGE NOTULE** | |
| 5.1 | **Erf 271 Reebok** | |
| | Sien punt 4.1. Buks, Dorothy en George sal dit verder hanteer. | |
| 5.2 | **Hersonering van landbougrond** | |
| | Afgewys – Haal af. | |
| 5.3 | **Sypaadjie en eilande in Impalaweg** | |
| | Alreeds op GOP geplaas. Haal af. | |
| 5.4 | **Versperring van sig by uitgange na R102** | |
| | Hoe goed of sleg die uitsig is, kan slegs bepaal word indien so 'n persoon in 'n voertuig sit. Indien dit nie gedoen word nie kan 'n mens die indruk kry dat die uitsig voldoende is. 'n Skrywe is aan mnr Naudé Viljoen gestuur om ons hiermee behulpsaam te wees. | Dorothy/Buks |
| 5.5 | **Vervanging van oorhoofse drade met ondergrondse kabels** | |
| | Groot gedeeltes reeds gedoen en ons sal gereeld monitor hoe werk aan oorblywende gedeelte vorder. | Gibo |
| 5.6 | **Rooipitjie struike in Kusweg 47 en paadjies teen duin** | |
| | Geen verdere bespreking nodig nie. Haal af. | |
| 5.7 | **Opgradering van Kusweg – Vorderingsverslag oor riool en infrastruktuur** | |
| | Mnr Eric Louw lig die vergadering volledig in oor vordering met die projek. Kusweg is nog nie op 'n plan vir die lê van 'n rioollyn nie. Die eerste mikpunt is om 'n hooflyn langs Impalaweg en Morrisonweg in Groot-Brakrivier in te sit. Goedkeuring is reeds verkry dat voortgegaan kan word met die werk. | |

| ITEM | BESPREKING / BESLUIT | VERANT-WOORDELIK |
|---|---|---|
| | Enige werk in die omgewing van Kusweg is meer as 5 jaar in die toekoms. Die koste vir die projek soos bereken in 2010 sal minstens R200 miljoen beloop. Die werk geskied in fases weens die hoë koste. Baie gerugte oor werk reeds gedoen en dit wat binnekort in aanvang sal neem is gissings van die publiek wat nie die waarheid is nie. Werklike oorskakeling is nog sewe tot tien jaar in die toekoms. | |
| 5.8 | **Opgradering van R102** | |
| | Gibo deel die vergadering mee dat alhoewel nog niks op skrif is nie, tenders in Oktober uitgesit sal word en dat herbou wat in Mei 2012 sal begin. | Gibo |
| 5.9 | **Opgradering en skoonmaak van die Midbrakgebied** | |
| | Maandelikse verslag oor werk reeds voltooi en waaraan gewerk word, word gereeld deur Gibo aan die Voorsitter oorhandig. Buks meld dat die publiek onder die indruk is dat al die spanne in die gebied werknemers van die Munisipaliteit is. Hulle is nie bewus daarvan dat van die spanne entrepreneurs is wat deur PetroSA geborg word, en dat die Munisipaliteit nie voltyds oor hulle toesig hou nie. Mnr André Strauss is oorhoofs verantwoordelik en die Raad sal versoek dat hy meer gereeld na die werk van entrepreneurs moet kyk. | Gibo |
| 5.10 | **Vordering ten opsigte van Erf 271: Soneringsverandering na "ope publieke area"** | |
| | Sien punt 4.1. | |
| 5.11 | **Opknapping van tennisbane – Klein-Brakrivier en opruiming van bane in Reebok** | |
| | Twee van die bane by Klein-Brakrivier het aandag nodig. Gerugte oor opgraderings in Groot-Brakrivier het tot gevolg dat komitee van Kleinbrak meer as ooit oortuig is dat iets by hulle gedoen moet word. Charl sal met mnr C Puren skakel dat eienaarskap van die grond uitgeklaar word. | Charl / Peter |
| 5.12 | **Waterplan – Kommunikasie deur die Munisipaliteit aan publiek** | |
| | Mnr Liebenberg van die Munisipaliteit berig soos volg: | |
| | Ontwikkelings in die groter Mosselbaaigebied was nie toegelaat om voort te gaan tot tyd en wyl die ontsoutingsaanleg voltooi was nie. Munisipaliteit maak gebruik van 'n maatskappy in Stellenbosch wanneer 'n aansoek om 'n nuwe ontwikkeling ontvang word. Die maatskappy is bewus van alle ontwikkelings oor die hele Suid Kaap en word van hulle advies gebruikgemaak om seker te wees dat genoeg water beskikbaar is dat die projek kan voortgaan. Charl de Wet se vraag handel oor al die bronne beskikbaar en hoe dit benut word. Dit blyk dat die Munisipaliteit altyd die goedkoopste bron in die begin sal gebruik. Aandag word geskenk aan die weer en beter benutting van rioolwater. Dit sluit in die moontlikheid om dit by die bestaande drinkwater stelsel in te skakel. | |

| ITEM | BESPREKING / BESLUIT | VERANT-WOORDELIK |
|---|---|---|
| | Boorgate word tans gebruik omdat dit relatief goedkoop is om te ontgin.<br><br>Alhoewel die ontsoutingsaanleg op die tydstip nie gebruik word nie, word dit gereeld gediens en onderhoudswerk geskied op 'n gereelde grondslag.<br><br>Frik spreek sy bekommernis uit oor die boorgate en die impak wat dit gaan hê oor ondergrondse bronne in die algemeen, en watter verdere planne daar is om bronne beter te benut. Hy is ook van mening dat die huidige stelsel ten opsigte van riolering tot gevolg het dat baie water verlore gaan.<br><br>Dawid verneem ook na ander metodes van riolering dan water. Mnr Liebenberg meld ook dat huidige ontsoutingsaanleg maklik uitgebrei kan word. Buks rig versoek dat die stand van water maandeliks deur middel van die munisipale nuusbrief aan die publiek deurgegee word. Haal af. | Nico Liebenberg |
| **5.13** | **Argifering** | |
| | Soek nog 'n kas. | Buks |
| **5.14** | **Stopstrate in Impalaweg** | |
| | Sien punt 4.3. | |
| **5.15** | **Strandbeheer (honde en hengel)** | |
| | Die lede moet gedurende die April vergadering met voorstelle kom oor algehele strandbeheer, wat dan aan die Raad voorgelê kan word. Peter sal voorstel hoe om omgewingsvriendelike tekens aan te bring. | Lede<br>3 April 2012 |
| **5.16** | **Aksieplan: Afvuur van klappers** | |
| | Voorstelle van lede ingewag vir voorlegging aan Raad. | Lede<br>3 April 2012 |
| **5.17** | **Kontakbesonderhede van erf eienaars** | |
| | Sien punt 4.6. | Peter Juthe |
| **6.** | **PROJEKTE** | |
| **6.1** | **Verkeerstekens, ontbrekende straatname, spoedbeperkings/-monitering** | |
| | Slegs probleemgevalle sal voortaan vermeld word. | Frik |
| **6.2** | **Skoonmaak van erwe – deurlopend** | |
| | Geen probleme nie. | Dawid |

| ITEM | BESPREKING / BESLUIT | VERANT-WOORDELIK |
|---|---|---|
| **6.3** | **Rampbestuur** | |
| | Sal binnekort 'n gesprek reël met mnr Gerhard Otto. Wag nog vir munisipaliteit insake wetlike aspekte. | Charl/Terrie/ Gibo |
| **7.** | **FINANSIES** | |
| | Saldo R19 451. Kontant R241. | Dorothy |
| **8.** | **POLISIëRING / BUURTWAG** | |
| | Buurtwag is in beginstaduim en by verre nog nie in plek nie. Samewerking met die inwoners van die totale gebied bly steeds 'n uitdaging. Die belangrikheid van die Buurtwag as eerste stap in 'n gebied se beveiliging word nog nie deur die gemeenskap nie besef nie. | |
| **9.** | **BEWAREA** | |
| | Geen ernstige probleme nie. | Buks |
| **10.** | **PLAASLIKE SAKE** | |
| **10.1** | **Fraaiuitsig** | **Charl / Martin** |
| | Sal met Dawid skakel om te rapporteer. | |
| ***10.1.1*** | ***Obstruksies op sypaadjies*** | |
| | Dorothy sal dit met Charl uitklaar. Haal af. | Dorothy / Charl |
| **10.2** | **Klein-Brakrivier** | **Charl / Pieter** |
| | Sal monitor dat klippe verwyder word. Verwys ook na maksimum hoogte van 'n woonhuis. | Peter |
| **10.3** | **Reebok** | **Deon** |
| | Geen verslag nie. | |
| ***10.3.1*** | ***Ontbossing van sypaadjies*** | |
| | Afgehandel. Haal af. | |
| **10.4** | **Reebokhoogte** | **Frik / Kruger** |
| | Geen probleme nie. | |
| **10.5** | **Reebokrif** | **Leon / Jaco** |
| | Sal erf wat aandag benodig deurgee aan Dawid. | |

| ITEM | BESPREKING / BESLUIT | VERANT-WOORDELIK |
|---|---|---|
| **10.6** | **Riverside** | **Terrie/Des** |
| | Geen verslag nie. | |
| ***10.6.1*** | ***Obstruksie wat vloei van water verhinder*** | |
| | Buks behoort in Mei 2012 terugvoer te ontvang. | Buks |
| **10.7** | **Tergniet** | **Dawid** |
| | Geen probleme nie. | |
| **10.8** | **Tergniethoogte** | George/Mike |
| | Geen probleme nie. | |
| **11.** | **KORRESPONDENSIE** | |
| | Niks wat bespreking verg nie. | |
| **12.** | **VOLGENDE VERGADERING** | |
| | Die volgende vergadering sal plaasvind op Dinsdag, 3 April 2012 – 14:00 in die Reebok Gemeenskapsaal. | |
| **13.** | **VERDAGING** | |
| | MARTIN SMITH<br>**NOTULEERDER** | |
| | GOEDGEKEUR TYDENS VERGADERING 3/2012 GEHOU OP 3 APRIL 2012. | |
| | BUKS PIETERSE<br>**VOORSITTER** | |